191.1.2 (45)

# Perspektiewe op Ons Taal.

(Taalfees, Cradock, 22 Sept. '75)

I Ons Taaljaar 1975 – 2 groot redes (eeufees; ½ eeuf.)

II 1875 – GRA en sy manne.
Taal het nie toe ontstaan nie.
Taalvorming en -aanvaarding.

III 1925 – Moet veral ook aandag kry.
Aanvaarding, erkenning, status.
Veral 2 manne: H. en M.

IV H. – Kryqsman, staatsman.
Moedertaal-onderwys (1908)
Teenstand – 3 inspekteurs.
Akad. XX
1925 – in sy tyd as E.M.
Later midde in stryd.

V M. – Teoloog, filosoof.
1908 – Stell., A.T.V.: Het is ons Ernst.
Omstandighede hiervan.
[Aanhaling]
Politiek – 1925 [Aanhaling]
F.A.K. – Erepenning (1957)

VI Waarde en Bet. – Taal (jong kind)
Bindingskrag, opv. bate, nas. selfrespek, vaderlandsliefde
nas. identifikasie – nie kol. of kor.
Reg net – soos swartman.

VII Slot. – Baie (?) – pos. handhaaf
Dr. Malan. [Cradock]
en het geloof.

(c)

Dr. Malan, 13 Aug. 1908, voor die Stellenbosse tak van die Afrikaanse Taalvereniging, di sy rede ~~Dit~~ Het is ons ernst, o.a.: (Ek stel in Afr.!)

"Geen taalgeleerde kan 'n werklike lewende taal maak nie, ewemin as 'n skeikundige in sy laboratorium die lewe kan skep. Die taalgeleerde kan die taal alleen vind en analiseer. Iedere lewende, kragtige taal word gebore op die bodem van die volkshart en die volksgeskiedenis en leef alleen in die volksmond. Geen volk kies ooit sy spreektaal of, vir lange tyd selfs, sy skryftaal nie, op raad van eksperte. Volke en tale word saam gebore en sterf saam."

---

Dr. Malan voor die gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat, 8 Mei 1925, di uit sy toespraak in verband met die amptelike erkenning van Afrikaans, o.a.:

"Dit is 'n groot gebeurtenis in die geslagtes van die Hollandssprekendes in Suid-Afrika, omdat, as hierdie wet gepasseer word, Afrikaans tot sy eer kom en gekroon

word. Daar is vir die Hollandssprekendes in Suid-Afrika eintlik maar een taal wat in die volste sin van die woord hul eie is, en dit is die Afrikaanse taal. Dit is met die Hollandssprekende Afrikanerdom gebore en daarmee gegroei en toon dieselfde lewenskrag as wat die volk hier in die land vertoon. Dit beteken 'n voldoening aan die diepste gevoelens en hoogste aspirasies van daardie deel van die Suid-Afrikaanse volk. Dit is die simbool van die volk, van sy bestaan. Die erkenning van die Afrikaanse taal en die kroning daarvan deur die hoogste wetgewende liggame in die land is die simbool van die erkenning van hom as volk, die erkenning van sy status en vryheid. As hierdie wet in die wetboek geplaas word, dan ~~sal — ek mag dit sê — die~~ sal die Hollandssprekende gedeelte van die Suid-Afrikaanse volk vir die eerste maal voel dat hy ten volle erken word en in sy eie land ten volle vry en tuis is.

# Perspektiewe op Ons Taal
## (Taalfees, Cradock, 22 Sept. '75)

I Ons Taaljaar – 1975.
Waarom? Twee groot redes: ons eeufees, 100 jaar na 1875; ook ons halfeeufees, 50 jaar na 1925.
Sekere aspekte hiervan na vore bring.

II 1875.
Regstreekse aanleiding: G.R.A en sy manne: S.J. du T., D.F. du T., G.d. Malherbe, C.P. Hoogenh., A. Ahrbeck ea.
Groot en bel. gebeure.
Bet. nie dat ons taal toe ontstaan het nie.
Taalvorming en taalaanvaarding, 'n langdurige proses.
Eerste het te doen met die mense, die volk; die tweede met die volk en die owerheid.
Tweede van die allergrootste belang – dus ook veral die manne wat dit verkry het.
Hierop laat ons nou klem val.

III 1925.
Ons halfeeufees – het ongelukkig vanjaar nog nie genoeg aandag gekry nie.
1925: jaar van ons ~~taalaanvaarding~~ taalaanvaarding – Afrikaans kry status as amptelike taal van ons land.
Ons sal dit die beste verstaan en waardeer as ons let op die twee hoofffigure in hierdie verband: genl. J.B.M. Hertzog en dr. D.F. Malan.

IV Genl. Hertzog.

Wel-opgevoede, ontwikkelde kultuurmens – regsgeleerde.

Besliste Afrikaner – Anglo-Boere Oorlog – krygsman. Maar ook staatsman.

Na oorlog Min. van Ond. in Fischer se kabinet – in OVS

Gelykheid van tale

Moedertaal onderwys. – toe nog eintlik Ned.

1908: ~~Hoee~~ Ned. en Eng. gelyke media van ond. in O.V.S

Maatreël v. Hertzog: onderrig tot St. IV

Weerstand – Ontslag van 3 inspekteurs – Hofsaak – insameling – Hertzogprys

Vergadering in Kaapstad 1909: Z.A. Akad. voor Taal, Letterkunde en Kunst – (H. se voorstel) – Pres. Steyn eerste Voors.

Werk en bet. van Akad.

Akad. stel Hertzog-Annale in (1952) – huldebetuiging vir wat H. vir Afr. taal bet. het.

1925 – Was Eerste Min. – tydens sy regering.

Later midde in ernstige pol. meningsverskille onder Afrikaners, maar sal as kultuurmens en taalman in dankbare hulde gehou word.

V Dr. D. F. Malan.

Soos genl. H.: wel-opgevoede, ontwikkelde kult-uurmens — teoloog en filosoof.
Staan baie naby, aan sy die mense, veral mense van platteland.
Sy herkoms en vorming, veral Stellenbosch en Europa (Utrecht)
In die bediening: Heidelberg (Tvl.), Montagu en Graaff-R.
Sy beroemde uitspraak, A.T.V., Stellenbosch, 1908: „Het is ons ernst!"
Omstandighede: Onze Jan: Is't ons ernst? (Ons Spreekuur, 1905)
Gustav Preller: Laat 't ons toch ernst wezen (Volksstem 1905)
Daarop volg dr. Malan.
Pleit vir Afr. — in Ned.
[aanhaling]
Kragtige inspirasie
Toetrede tot die pol.: Redakteur van Die Burger, volksraadslid, Min. v. Ond.
1925: Dien wet by Parl. in — albei amte.
[aanhaling]
Groot bet. hiervan — Hoogtepunt.
F.A.K. se eerste Erepenning vir Volksdiens (1957) XX

## VI Waarde en Betekenis.

Taal – grootste bate – jong kind – tot 4de jaar (leer meer as in res van sy lewe).
Vir Afr. 'n onberekenbare bate.
Bindingsfaktor.
Opvoedkundige bate.
Versterking van nas. selfrespek.
Hoeksteen van gesonde vaderlandsliefde.
Onmiskenbare nas. identifikasie.
Word geïdentifiseer as van die land, van Suid-Afrika van Afrika. Volk in die, reg, uit die land, in die land, ware besitthebbers van die land.
Ons is nie koloniste nie; ook nie kolonialiste.
As swartman reg op Afrika het, net so het Afrikaner reg.
Swartman erken ook ons reg (Eerste Min.)

## VII Slot.

Baie Afr.s vandag laks; Wat verloor ons?
Inspirasie van ons voorgangers.
Genl. H.; dr. M. Veral dr. M.: Sy mense bymekaar gebring – eenheid deur taal. — Sy uitspraak
Cradock – [illegible] Handeling (1908)
Ek het geloof in Afr. [illegible] — maar soms lyk of hy onder spanninge buig — maar breek sal hy nie.

Hertzog.

Ná oorlog beywer H. hom in die OVS vir die gelykheid van die Eng. en Holl. tale en vir moedertaalonderwys. Hy was Min. van Ond. in Fischer se kabinet in OVS (1907–1909)

In 1908 word Eng. en Holl. gelyke media van ond. in skole van O.V.S. — maatreël voorberei deur H. — Elke kind tot en met St. IV onderrig sal word in die taal wat hy die beste praat en verstaan. Hy staan voor moedertaalond. en tweetaligheid. Hy ontslaan selfs drie inspekteurs wat sy beleid dwarsboom — hofsaak — teen hom — bydraes. | Geld oor — Hertzog-prys (1914)

S.A. Akad. ~~vir~~ voor Taal, Letterkunde en Kunst (1909) — Gestig in ~~[illegible]~~ Kaapstad, op voorstel v. H. — vandag S.A. Akad. vir Wet. & Kuns. (eerste 30 lede op 2 Julie 1909 in Bloemfontein) Akad. het Hertzog-annale ingestel (1952) — tydskrifreeks as hulde-betuiging vir wat H. vir Afr. taal beteken het.

Pres. Steyn eerste Voors. — Akad. sal waak oor Afr. en sy belange.

(dws. om Holl. in S.A. te handhaaf)

1. Is 't ons ernst? – Onze Jan Hofmeyr voor Ons Spreekuur (Stellenbosse studentevereniging) (1905)

(14 dae later)

2. Laat 't ons toch ernst wezen! – Gustav Preller in De Volksstem (1905)
(sêgs Afr. is bestand teen Engels)

3. Het is ons ernst! – Dr. Malan voor Stellenbosse tak van die Afrikaanse Taalvereniging (1908)
(Pleit in Ned. vir Afr.)
(Dr. M. was toe Voors. v. A.T.V.)
(As hulle van Hollands praat, bedoel hulle sowel Afr. as Ned.)